SACAI

AFDELING C

GRAAD 12

EKSAMENRIGLYNE

AFRIKAANS HT

2016

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

INHOUDSOPGAWE

		Bladsy
1	**INLEIDING**	
	Disjunktiewe en konjunktiewe ortografie in tale	3
2	**DOEL**	3
3	**VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS**	
3.1	Voorblad / Dekblad	4
3.2	Instruksies en inligtingsbladsy	5
3.3	AFDELING A: Leesbegrip	6
3.4	AFDELING B: Opsomming	9
3.5	AFDELING C: Taalstrukture en –konvensies	11
4	**VRAESTEL 2: LETTERKUNDE**	
4.1	Voorblad / Dekblad	13
4.2	Formaat	14
4.3	Instruksies en inligtingsblad	16
4.4	Inhoudsopgawe	18
4.5	Kontrolelys	19
4.6	Vrae	19
4.7	Nasienriglyne	20
5	**VRAESTEL 3: SKRYF**	
5.1	Voorblad / Dekblad	21
5.2	Instruksies en inligtingsblad	22
5.3	AFDELING A: Opstel	23
5.4	AFDELING B: Transaksionele Teks (2 x 25) [50]	23
6	**NASIENRUBRIEKE: HUISTAAL**	
6.1	BYLAE A: Assesseringsrubriek: Letterkundige opstel: Gedig	25
6.2	BYLAE B: Assesseringsrubriek: Letterkundige opstel: Roman / Drama	26
6.3	BYLAE C: Assesseringsrubriek: Opstel	27
6.4	BYLAE D: Assesseringsrubriek: Transaksionele skryfwerk	29
7	**TIPE VRAE EN KOGNITIEWE VLAKKE**	30
8	**ASSESSERING IN TALE**	
8.1	Kognitiewe vlakke	31
8.2	Tipe vrae	31
9	**SLOTSOM**	34

1. INLEIDING

Die SACAI−dokument vir Amptelike Tale: Huistale omlyn die aard en doel van die onderwerp Amptelike Tale: Huistaal en dien as riglyn vir die onderrig en assessering wat ten grondslag van die Seniorsertifikaat−eksamen op Huistaalvlak vir graad 12 lê.

Doel van hierdie riglyndokument is om aan te dui wat die omvang van die inhoud is, wat in graad 12 op Huistaalvlak geassesseer moet word.

Hierdie dokument moet saamgelees word met die beleidsdokumente van SACAI:

- ’n Opsomming van vakke vir die Seniorsertifikaat−eksamen soos deur SACAI uiteengesit.
- Die vakriglyn vir Afrikaans Huistaal.
- Voorgeskrewe letterkundetekste soos voorsien deur SACAI.

2. DOEL

Die doel van hierdie riglyndokument is om inligting te verskaf aangaande die inhoud van die eksamenvraestelle vir die Seniorsertifikaat−eksamen in Afrikaans Huistaal ten opsigte van:

- Getal afdelings
- Lengte en tipe tekste wat gebruik moet word
- Tipe en vlak van vrae
- Puntetoekenning
- Nasienmemoranda/Assesseringsrubrieke

3. VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

3.1 Voorblad / Dekblad

SOUTH-AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

Maart/Junie .... (Maand en jaar van vraestel)

TYD: 2 UUR

PUNTE: 70

Hierdie vraestel bestaan uit .... bladsye

3.2 INSTRUKSIES EN INLIGTING

(ALTYD BLADSY 2)

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE AFDELINGS:

AFDELING A:	Leesbegrip	(30)
AFDELING B:	Opsomming	(10)
AFDELING C:	Taalstrukture en –konvensies	(30)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.
4. Nommer in die MIDDEL van die bladsy.
5. Trek ’n streep ná elke afdeling.
6. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
7. Laat ’n reël na elke antwoord oop.
8. Skenk deeglike aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	30 minute
AFDELING C:	40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar in blou ink

3.3 AFDELING A: LEESBEGRIP 30 punte

VRAAG 1

- **Daar moet TWEE tekste wees –** EEN prosateks en EEN visuele teks. Die visuele teks moet met die prosateks verband hou.

- **Lengte van tekste:**

  Teks A: (Prosa) 700 – 800 woorde

  Die leesbegrip word in teks A getoets.

  Teks B: (Visueel/Grafies)

  Die visuele teks kan van enige genre wees, byvoorbeeld ’n spotprent, advertensie of strokiesprent, maar dit moet aansluit by die prosa teks.

  Die puntetoekenning by die visuele teks is ’n minimum van 6 en ’n maksimum van 10 punte.

  Die fokus van die vrae moet op die visuele gebaseer wees.

  Begrip moet binne konteks van die tekste getoets word.

- **OPMERKING**:

  Daar moet:

  a. Vergelykende vrae oor die twee tekste gestel word (maksimum van 4 punte)
  b. Daar moet ’n maksimum van 2 “oop” vrae wees.
  c. Slegs EEN meervoudigekeuse vraag mag gestel word.
  d. ’n Maksimum van EEN vraag oor Waar/Onwaar; Ja/Nee; Feit/Mening.

- **OPSTEL VAN LEESBEGRIP VRAE:**

Wanneer die vrae vir dié afdeling opgestel word moet u die volgende in gedagte hou:

- Die verskillende kognitiewe vlakke van Barett moet gebruik word. Let op die voorbeeldvrae wat by elke afdeling gegee word.
- Verskillende tipe vrae moet op so 'n manier gestel word dat die vier vlakke van Barrett in die volgende verhouding per persentasie aangespreek word:

Vlakke 1 en 2:	40% van totale afdeling
Vlak 3:	40% van totale afdeling
Vlakke 4 en 5:	20% van totale afdeling

- Die vrae moet vanaf laerorde, gevolg deur mediumorde tot hoë orde gevra word.
- Vir Afdeling A is die verspreiding per vlak soos volg:

Vlakke 1 en 2:	12 punte/40%
Vlak 3:	12 punte/40%
Vlakke 4 en 5:	6 punte/20%

- **PUNTE WAARAAN AANDAG GEGEE MOET WORD:**

○ Die tekste moet by die graad pas.
○ Die tekste mag aangepas word, indien nodig. Die tekste wat aangepas word moet koherent wees.
○ Gebruik Standaard Afrikaans. Uitdrukkings/Taal moet binne konteks geskik/voldoende/gepas wees.
○ Nommer elke reël van 'n paragraaf, begin by reël 1 – reël ... waar die teks ophou.
○ Alle geskrewe tekste moet oorgetik word vir duidelikheid en netheids-doeleindes.
○ Sover moontlik moet die vrae die volgorde van die teks volg.
○ Die karakters van die visuele teks MOET duidelik sigbaar wees.
○ Indien 'n strokie gebruik word, moet elke prent/raam duidelik genommer word.
○ By die meervoudigekeusevrae moet die kandidate vier opsies kry om van te kies. Die opsies moet in woorde ewe lank wees en ook sinvol wees. Die korrekte of verkeerde antwoord moet nie "weggegee" word nie.

● NASIEN VAN LEESBEGRIP

- Die fokus van leesbegrip is oor verstaan, daarom moet woorde of antwoorde waarin verkeerde spelling voorkom nie verkeerd gemerk word nie, tensy dit die betekenis van die antwoord beïnvloed.

- Indien ’n andertalige woord in ’n antwoord gegee word, word die antwoord verkeerd gemerk. Indien die antwoord juis vra vir ’n andertalige woord moet dit korrek nagesien word.

- LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

  By die vrae wat ’n JA/NEE of EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE vereis, word die punt slegs toegeken vir die motivering gegee maar dit moet ooreenstem met die antwoord wat gegee is. Indien die kandidaat nie die eerste gedeelte van die vraag beantwoord nie, maar wel ‘n motivering gee word die antwoord ook verkeerd nagesien aangesien die vraag uit twee dele bestaan.

- LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

  - Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie; die motivering bepaal die punt.
  - Indien die vraag slegs ’n woord as antwoord verwag en die kandidaat skryf ’n volsin, word dit as verkeerd nagesien, behalwe as die kandidaat die betrokke woord duidelik onderstreep of glim.
  - Wanneer twee/drie antwoorde gevra word en die kandidaat gee meer as die betrokke antwoorde, word slegs die eerste twee/drie nagesien.
  - By meervoudigekeusevrae mag die kandidaat of die letter of die woord as antwoord bied.

3.4 AFDELING B: OPSOMMING – 10 punte

VRAAG 2

- Kandidate **moet** die opsomming in **paragraafvorm** aanbied.
- Kandidate mag nie verbatim uit die teks aanhaal nie.
- Lengte van die teks: Ongeveer 350 woorde
- Lengte van opsomming: 80 – 90 woorde
- **ONTHOU:**

Die teks vir die opsomming MAG NIE dieselfde wees as die teks vir die leesbegrip nie.

UITSOEK VAN TEKS EN VRAAGSTELLING VIR OPSOMMING:

- Die tipe teks wat vir die opsomming gekies word, moet die kandidaat die keuse gee om te kan demonstreer of hy/sy die hoofargumente / feite uit die teks kan identifiseer.
- Die instruksies moet duidelik gestel word, sodat die kandidate kan weet wat van hulle verwag word.
- Die kandidate mag nie woord vir woord aanhaal uit die teks nie, hulle sal gepenaliseer word.
- Dit is nie nodig vir die kandidate om ’n titel of opskrif vir die opsomming te voorsien nie.
- Die kandidaat moet duidelik die aantal woorde wat hy/sy geskryf het aandui.

OPSTEL VAN DIE MEMORANDUM

Die memorandum moet in beide paragraafvorm en puntsgewys gedoen word.

Die opsomming in paragraafvorm en puntsgewys moet soos vir die kandidate aangedui ook binne die aantal woorde wees wat verwag word.

NASIEN VAN OPSOMMING

Die punteverspreiding word soos volg gedoen:

- Puntetoekenning
    - 7 punte vir 7 korrekte feite (1 punt per korrekte feit)
    - 3 punte vir taal
    - Totale punt: 10
- Die verspreiding van die punte indien die kandidaat nie net aangehaal het nie:
    - 1 – 3 punte korrek: 1 punt
    - 4 – 5 punte korrek: 2 punte
    - 6 – 7 punte korrek: 3 punte
- Punteverspreiding indien kandidate verbatim aangehaal het.
    - 6 – 7 aanhalings: geen punt vir taal nie
    - 1 – 5 aanhalings: 1 punt vir taal

- **NEEM KENNIS:**
    - Nasieners moet die aantal woorde wat die kandidaat aangedui het, verifieer.
    - Geen punte word afgetrek indien die kandidaat die getaal woorde foutief aandui, of versuim om die getal woorde aan te dui nie.
    - Indien die aantal woorde oorskry word, moet nasieners die woorde tel tot in die laaste sin waarin die limiet bereik word. Die res van die opsomming word geïgnoreer.

3.5 AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES 30 punte

(Moet binne konteks geassesseer word.)

DRIE vrae soos hieronder aangedui.

Die volgende moet getoets word:

- Woordeskat en taalgebruik
- Sinstrukture
- Kritiese taalbewustheid

VRAAG 3:

Een of twee ADVERTENSIE/S (’n kombinasie van visuele en geskrewe/verbale tekste)

10 punte

VRAAG 4:

Een of twee STROKIESPRENTE/SPOTPRENTE (enkel of meer raampies)

Onthou die raampies by die strokiesprente MOET genommer wees.

10 punte

VRAAG 5:

PROSATEKS (lengte van teks moet 150 − 200 woorde wees)

10 punte

LET WEL:

- Daar moet TWEE oop vrae gevra word ─ (1 in die advertensie en een in strokiesprent/spotprent)
- ’n Maksimum van 2 meervoudigekeuse vrae.
- Die vrae moet in teksverband volg.
- Waar moontlik moet eers laerorde, dan middelorde en dan hoërorde vrae gevra word.
- Die karakters in die visuele teks (asook visuele beelde in advertensie) moet duidelik identifiseerbaar wees.

- Die prente/rame of panele in die strokiesprent moet duidelik genommer wees.
- Die taalkomponente soos uiteengesit in die vakriglyn vir Afrikaans Huistaal moet aangespreek word in die vraestel.

NASIEN VAN AFDELING C

- Spelling:
  - Eenwoord antwoorde moet as korrek nagesien word, al is die spelling verkeerd (behalwe as dit die betekenis van die woord verander of as dit juis oor spelling handel, bv. ‘n intensiewe vorm.)
  - By antwoorde waar daar ’n volsin gevra word, moet verkeerde spelling as verkeerd nagesien word, indien die fout wat die kandidaat moet korrigeer in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Indien ’n afkorting getoets word, moet die spelling korrek wees.
- Sinstrukture moet grammitikaal korrek wees en in volsinne aangebied word soos deur instruksies gevra.
- By meervoudigekeuse antwoorde kan beide die letter of die woord gegee word.

4. VRAESTEL 2: LETTERKUNDE

4.1 Voorblad/Dekblad

SOUTH-AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

NOVEMBER ....

AFRIKAANS HUISTAAL V2

PUNTE: 80

TYD: 2½ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit … bladsye

4.2 **FORMAAT**

Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Gedigte (30 punte)
AFDELING B: Roman (25 punte)
AFDELING C: Drama (25 punte)

Kandidate moet ’n totaal van **VYF** vrae uit **DRIE** afdelings vir 80 punte beantwoord.
Die vrae moet soos volg beantwoord word:

AFDELING A: GEDIGTE 30 punte

VRAAG 1 – 4: VOORGESKREWE GEDIGTE

- Vier voorgeskrewe gedigte word soos volg gevra:
  VRAAG 1: Opstelvraag (lengte van opstel vraag: 250 – 300 woorde)
  VRAAG 2 – 4: Kontekstuele vrae.

PUNTE: 10 X 2 = 20

LET WEL: Kandidate moet **ENIGE TWEE** vrae van die voorgeskrewe gedige beantwoord.

VRAAG 5: ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

- Nie uit die lys van voorgeskrewe gedigte of vorige jare se graad 12-gedigte nie.
- Slegs kontekstuele vrae word gevra.

PUNTE: 10

AFDELING B: ROMAN 25 punte

VRAAG 6 – 9

Daar is ’n keuse tussen OPSTELVRAE en KONTEKSTUELE vraag by elke roman.

LENGTE VAN DIE OPSTELLE: 400 – 450 woorde

LENGTE VAN UITTREKSELS

TWEE uittreksels: ongeveer 200 – 350 woorde elk.

AFDELING C: DRAMA 25 PUNTE

VRAAG 10 – 13

Daar is ’n keuse tussen ’n OPSTELVRAAG en ’n KONTEKSTUELE vraag by elke drama.

LENGTE VAN DIE OPSTELLE: 400 – 450 woorde

LENGTE VAN UITTREKSELS

TWEE uittreksels: ongeveer 250 woorde elk.

LET WEL: Die name van karakters/spellers word nie getel nie.
Toneelaanwysings word wel as deel van die uittreksel beskou en word by die getal woorde ingereken.

LET WEL: Uit Afdeling B en C moet kandidate ten minste EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG beantwoord
Dit is dus ontoelaatbaar om uit Afdeling B en C TWEE OPSTELVRAE ÓF TWEE KONTEKSTUELE VRAE te beantwoord.

4.3 INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.
2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe en merk die vraagnommers van die letterkunde-tekste wat jy behandel het. Bestudeer daarna die vrae oor hierdie tekste en besluit dan telkens op die tipe vraag wat jý verkies om te beantwoord. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.
3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	GEDIGTE	(30)
AFDELING B:	PROSA	(25)
AFDELING C:	DRAMA	(25)

4. Beantwoord **VYF** vrae in totaal: **DRIE** uit AFDELING A, **EEN** uit AFDELING B en **EEN** uit AFDELING C. Oefen jou keuses soos volg uit:

   AFDELING A: GEDIGTE

   GESIENE GEDIGTE: Beantwoord **TWEE** vrae.

   ONGESIENE GEDIG: VERPLIGTE vraag

   AFDELING B: ROMAN

   Beantwoord **EEN** vraag.

   AFDELING C: DRAMA

   Beantwoord **EEN** vraag.

5. **KEUSE VAN ANTWOORDE UIT AFDELING B (ROMAN) EN C (DRAMA)**

   - Beantwoord **SLEGS** vrae oor tekste wat jy bestudeer het. Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG.
   - Indien jy die opstelvraag uit AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag uit AFDELING C beantwoord. Indien jy die kontekstuele vraag uit AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag uit AFDELING C beantwoord. Maak gebruik van die kontrolelys vir dié doel gebruik.

6. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Beantwoord ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

9. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A:	ongeveer 40 minute.
AFDELING B:	ongeveer 55 minute.
AFDELING C:	ongeveer 55 minute.

10. Skryf netjies en leesbaar in BLOU INK.

4.4 INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees. Onthou: as jy uit Afdeling B die kontekstuele vraag doen, moet jy die opstelvraag uit Afdeling C beantwoord en andersom. Indien jy TWEE kontekstuele vrae of TWEE opstelvrae beantwoord, sal jy nul vir die tweede vraag kry.

AFDELING A: GEDIGTE Voorgeskrewe gedigte. Beantwoord enige **TWEE** vrae.		
VRAAGNOMMER	VRAAG	BLADSY
1. (gedigtitel)	Opstelvraag	
2. (gedigtitel)	Kontekstuele vraag	
3. (gedigtitel)	Kontekstuele vraag	
4. (gedigtitel)	Kontekstuele vraag	
	EN	
Ongesiene gedig (Verpligtend)		
5.	Kontekstuele vraag	
AFDELING B: ROMAN Beantwoord EEN vraag		
6. (Roman 1 titel)	Opstelvraag	
	OF	
7. (Roman 1 titel)	Kontekstuele vraag	
	OF	
8. (Roman 2 titel)	Opstelvraag	
	OF	
9. (Roman 2 titel)	Kontekstuele vraag	
	EN	
AFDELING C: DRAMA Beantwoord EEN vraag.		
10. (Drama 1 titel)	Opstelvraag	
	OF	
11. (Drama 1 titel)	Kontekstuele vraag	
	OF	
12. (Drama 2 titel)	Opstelvraag	
	OF	
13. (Drama 2 titel)	Kontekstuele vraag	

4.5 KONTROLELYS

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAG-NOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK √
A: Gedigte (Gesiene gedigte)	1 – 4	2	
A: Gedigte (Ongesiene gedig)	5	1	
B: Roman (Opstel- of konteksvraag)	6 – 9	1	
C: Drama (Opstel- of konteksvraag)	10 − 13	1	

LET WEL:	Beantwoord EEN opstelvraag en EEN kontekstuele vraag uit AFDELING B en AFDELING C respektiewelik.

4.6 VRAE:

'n Verskeidenheid tipe vrae moet op só wyse gevra word, dat **AL** die kognitiewe vlakke in die korrekte verhouding, soos hieronder aangedui, gedek word.

GEDIGTE:

Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Vlak 4	Vlak 5
4/40%		4/40%	2/20%	

ROMAN EN DRAMA:

KONTEKSTUELE VRAE:

Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Vlak 4	Vlak 5
10/40%		10/40%	5/20%	

ROMAN EN DRAMA:

OPSTELVRAAG: Die vraagstelling van die vraag sal bepaal wat die uiteensetting is, aangesien die kandidaat die vraag mag interpreteer soos wat hy/sy dink en die feite en motiverings weergee.

ONTHOU: Geen kapstokke word gegee om die kandidaat tot die korrekte antwoord te lei nie. Dit moet nou deel van die vraagstelling wees.

4.7 NASIENRIGLYNE:

- Indien die kandidaat meer as die gevraagde aantal vrae beantwoord het, word slegs die eerste antwoord nagesien (Die kandidaat mag nie die opstelvraag en kontekstuele vraag van dieselfde genre beantwoord nie).
- Indien die kandidaat al vier gedigte in Afdeling A gedoen het, word slegs die eerste twee antwoorde nagesien.
- Indien ’n kandidaat twee kontekstuele of twee opstelvrae in Afdeling B en C beantwoord het, word slegs die eerste antwoord nagesien en die res word geïgnoreer. Indien die kandidaat al vier vrae in ’n afdeling beantwoord het, sien slegs die eerste antwoord by elke afdeling na.
- Indien ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste is verkeerd word die tweede een geïgnoreer. Geen blou/pers antwoorde mag nagesien word nie, die kandidaat was dus onseker oor die antwoord.
- Indien die antwoorde verkeerd genommer is, word daar volgens die nommering van die memorandum nagesien. Nasieners mag nie die nommering vir die kandidaat korrigeer nie.
- Indien die spelling van die woord die betekenis beïnvloed, word die antwoord verkeerd nagesien, indien dit nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie mag die antwoord korrek nagesien word.

- Opstelvraag:

  Indien die kandidaat nie die korrekte aantal woorde geskryf het nie, moet die kandidaat nie daarvoor gepenaliseer word nie. Assessering is volgens die assesseringsrubriek. Bespreek met seniornasiener as u onseker is.

  (Die nasienrubrieke vir opstelvrae is Bylae A en B)

- Kontekstuele vrae:

  Indien die kandidaat gevra word om aan te haal en dit word nie gedoen nie, moet die kandidaat nie gepenaliseer word nie.

5. VRAESTEL 3: SKRYF

5.1 Voorblad / Dekblad

SOUTH-AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

NOVEMBER ....

AFRIKAANS HUISTAAL V3
SKRYF

PUNTE: 100

TYD: 2½ UUR

Hierdie vraestel bestaan uit ... bladsye

5.2 INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** afdelings:

   Afdeling A: Opstel (50)

   Afdeling B: Transaksionele teks (2 x 25) (50)

2. Beantwoord EEN vraag uit afdeling A en TWEE vrae uit afdeling B.
3. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
4. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ’n kopkaart of vloeidiagram. Doen jou beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ’n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
6. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.
7. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.
8. Skryf duidelik die woorde FINALE SKRYFSTUK boaan die skryfstuk wat geassesseer moet word.
9. Die volgende tydsbesteding aan elke afdeling word aanbeveel:

   Afdeling A: ongeveer 80 minute

   Afdeling B: ongeveer 70 minute (35 minute per skryfstuk)

10. Skryf slegs in blou ink.

5.2 AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1 – 6.1.1 – 6.1.3

- Kandidate moet slegs EEN opstel skryf vir 400 – 450 woorde.
- Moenie aan die kandidaat voorskryf watter tipe genre hy/sy moet skryf nie.
- Assesseer 8 onderwerpe, dus vraag 1 – 5 behels onderwerpe van die eksaminator se keuse en vraag 6 is die visuele prikkels wat gegee word, dus 6.1.1, 6.1.2 en 6.1.3. Die visuele prikkels mag glad nie konteks bevat nie en moet baie duidelik kan afrol.

LET WEL: ’n Kort memorandum wat die uiteensetting van elke genre gee moet die memorandumrubrieke vergesel.

Die rubriek vir die nasien van Afdeling A is Bylae C.

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG 2.1 – 2.6

- Kandidate moet TWEE vrae uit die afdeling beantwoord.
- Lengte van tekste: 180 – 200 woorde elk (slegs die inhoud word getel)
- Die tipe tekste wat die kandidate moet kan doen, word vervat in SACAI se riglyne.
- Visuele prikkels word slegs as hulpmiddel gegee en nie as ’n vraag nie.
- Die tipe onderwerp wat gevra word, moet as opskrif aangedui word, bv. *2.1. DIALOOG*

LET WEL: ’n Kort memorandum wat die uiteensetting van elke genre gee moet die memorandumrubrieke vergesel.

Die rubriek wat gebruik word vir die nasien van Afdeling B is Bylae D.

Ses onderwerpe sal uit die kategorieë hieronder gevra word.

Kategorie A: Vriendskaplike brief / formele brief (versoek / aansoekbrief / besigheidsbrief / klagtebrief / simpatiebrief / gelukwensingsbrief / dankie–brief) Formele of informele brief aan die pers.
Kategorie B: Curriculum Vitae met dekbrief (gevra as 'n kombinasie) / Huldeblyk
Kategorie C: Formele verslag / informele verslag / resensie / koerantberig / tydskrifartikel / agenda en notule van 'n vergadering (gevra as 'n kombinasie)
Kategorie C: Formele toespraak / informele toespraak / dialoog / geskrewe onderhoud

6.1 BYLAE A: RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG IN GEDIGTE: 10 PUNTE

Inhoud	Uitstekend	Goed	Bo-gemiddeld	Gemiddeld	Ondergemiddeld	Swak	Beroerd
	7	6	5	4	3	2	0 – 1
Interpretasie van onderwerp. Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks.	Uitstekende begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite en motiverings is uitsonderlik.	Goeie begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite word goed deur motiverings ondersteun.	Redelike begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite met redelike motiverings gegee.	Gemiddelde bewys van inhoud en strekking van gedig. Enkele feite word met motiverings ondersteun.	Onbevredigende bewys van inhoud en strekking van gedig. Feite word met enkele motiverings ondersteun.	Matige bewys van inhoud en strekking van gedig. Slegs enkele feite maar geen motiverings nie.	Geen bewys van inhoud en strekking van gedig nie. Feite en motiverings verwys nie na gedig nie.
Struktuur en Taal	**Uitstekend/Bo-gemiddeld**			**Goed**	**Ondergemiddeld/Swak**		
	3			2	0 – 1		
Logiese vloei en aanbieding. Toon- en stylgebruik in opstel.	Uitstekende en samehangende struktuur. Argumente is goed gestruktureer. Taalgebruik , toon en styl is uitstekend. Inleiding en slot vorm ’n afgeronde geheel met die inhoud.			Basiese struktuur en vloei/samehang in opstel. Enkele bewyse van struktuur en geringe taalfoute, toon en styl redelik teenwoordig. Redelike inleiding en slot.	Struktuur toon swak beplanning. Argumente word nie logies gestruktureer nie. Ernstige taalfoute, toon en styl glad nie gepas nie. Geen inleiding en slot nie.		

LET WEL: Indien ’n kandidaat die inhoud geheel en al ignorer en ’n kreatiewe opstel skryf wat niks met die inhoud van die vraag te doen het nie, word 0 vir INHOUD én STRUKTUUR EN TAAL toegeken.

6.2 BYLAE B: RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE LETTERKUNDIGE OPSTEL: AFDELING B EN C: 25 PUNTE

Inhoud	Uitstekend	Goed	Bo-gemiddeld	Gemiddeld	Ondergemiddeld	Swak	Beroerd
	14 – 15	12 – 13	11 – 10	8 – 9	6 – 7	4 – 5	0 – 3
Interpretasie van onderwerp. Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks.	Uitstekende begrip van inhoud en strekking van genre. Feite en motiverings uitsonderlik.	Diepgaande begrip van inhoud en strekking van genre. Feite en motiverings goed ondersteun.	Toon goeie begrip van inhoud en strekking van genre. Feite gegee, maar nie almal met motiverings nie.	Redelik begrip van inhoud en strekking van genre. Enkele feite word gemotiveer.	Basiese begrip van inhoud en strekking van genre. Weinig feite met motiverings word gegee.	Onbevredigende begrip van inhoud en strekking van genre. Slegs enkele feite word gegee sonder motiverings.	Geen begrip van inhoud en strekking van genre nie. 'n Vae aanpak van genre, geen feite met motiverings wat spesifieke genre staaf nie.
Struktuur en Taal	**Uitstekend**	**Bo-gemiddeld/Goed**		**Gemiddeld**	**Ondergemiddeld**		**Swak**
	9 – 10	7 – 8		5 – 6	3 – 4		0 – 2
Logiese vloei en aanbieding. Toon- en stylgebruik in opstel.	Samehangende struktuur. Uitstekende inleiding en slot gegee. Taalgebruik, toon en styl pas by genre.	Duidelike struktuur. Inleiding, slot en paragrawe samehangend. Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek.		Goeie bewyse van struktuur met inleiding maar geen slot/geen inleiding slegs slot. Enkele taalfoute, toon en styl gepas.	Basiese toon van struktuur. Gebrekkige inleiding en slot is gegee. Taalfoute is beduidend en paragrafering is foutief.		Geen toon van bewyse van struktuur nie. Geen logiese vloei van argumente nie, nie gepas by genre nie. Taalfoute, toon en stylfoute belemmer vloei van argumente.

LET WEL: Indien 'n kandidaat die inhoud geheel en al ignorer en 'n kreatiewe opstel skryf wat niks met die inhoud van die vraag te doen het nie, word 0 vir INHOUD én STRUKTUUR EN TAAL toegeken.

6.3 BYLAE C: ASSESSERINGSRUBRIEK: OPSTEL: [50 PUNTE]

Kriteria		Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD & BEPLANNING • Respons op teks. • Idees in teks. • Organisering van idees. • Bewus van doel, gehoor en konteks van teks. **(30)**	Hoë subkategorie	**27 – 30** 1. **Respons**: Uitstaande en treffend. Bo verwagting. 2. **Idees**: Intelligent. Stem leser tot nadenke. Volwasse. 3. **Organisasie**: Inleiding, liggaam en samevatting / slot is uitsonderlik en samehangend.	**22 – 23** 1. **Respons**: Goed saamgestel. 2. **Idees**: Oortuigend. Interessant. Toon bewyse van volwassenheid. 3. **Organisasie**: Inleiding, liggaam en samevatting / slot is baie goed en samehangend.	**15 – 17** 1. **Respons**: Bevredigend. 2. **Idees**: Oortuigend en redelik samehangend. 3. **Organisasie**: Inleiding, liggaam en samevatting / slot is redelik en samehangend.	**9 – 11** 1. **Respons**: Elementêr. 2. **Idees**: Nie oorspronklik nie en onduidelik. Samehang is inkonsekwent. 3. **Organisasie**: Inleiding, liggaam en samevatting / slot en samehang: geringe bewys van organisasie.	**3 – 5** 1. **Respons**: Ontoepaslik. 2. **Idees**: Deurmekaar en nie gefokus nie. Vaag en herhalend. 3. **Organisasie**: Ongeorganiseerd en onsamehangend.
	Lae subkategorie	**24 – 26** 1. **Respons**: Uitmuntend, maar uitstaande en treffende eienskappe ontbreek. 2. **Idees**: Volwasse en intelligent. 3. **Organisasie**: Inleiding, liggaam en samevatting / slot is knap en samehangend.	**18 – 21** 1. **Respons**: Goed saamgestel. 2. **Idees**: Toepaslik en interessant. 3. **Organisasie**: Inleiding, liggaam en samevatting / slot is goed en samehangend.	**12 – 14** 1. **Respons**: Bevredigend, maar soms is daar mistastings. 2. **Idees**: Redelik samehangend en oortuigend. 3. **Organisasie**: Inleiding, liggaam en samevatting / slot en samehang: in 'n mate bewus van organisasie.	**6 – 8** 1. **Respons**: Grootliks ontoepaslik. 2. **Idees**: Onsamehangend en verwarrend. 3. **Organisasie**: Inleiding, liggaam en samevatting / slot en samehang: weinig bewyse van organisasie	**0 – 2** 1. **Respons**: Geen. 2. **Idees**: Ontoepaslik en nie geskik nie. 3. **Organisasie**: Nie gefokus nie en verwarrend.
TAAL, STYL & REDIGERING • Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel / effek en konteks. • Woordkeuse, taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika en spelling **(15)**	Hoë subkategorie	**14 – 15** 1. **Toon, register en styl**: Woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. **Taalgebruik**: Uitsonderlik, treffend en met selfvertroue. 3. **Toon**: Pakkend. Retories effektief. 4. **Grammatika en spelling**: Feitlik foutvry. 5. **Samestelling**: Baie knap.	**10 – 11** 1. **Toon, register en styl**: Woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. **Taalgebruik**: Effektief. 3. **Toon**: Gepas. Konstant en retories effektief. 4. **Grammatika en spelling**: Feitlik foutvry. 5. **Samestelling**: Knap.	**6 – 7** 1. **Toon, register en styl**: Woordeskat is gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. **Taalgebruik**: Gepas en dra betekenis oor. 3. **Toon**: Gepas en retoriese middels versterk betekenis. 4. **Grammatika en spelling**: Foute. 5. **Samestelling**: Redelik tot goed.	**2 – 3** 1. **Toon, register en styl**: Woordeskat is nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie. Beperk. 2. **Taalgebruik**: Basies en ontoepaslik. 3. **Toon**: Ontoepaslik. 4. **Grammatika en spelling**: Foute. 5. **Samestelling**: Swak.	**0** 1. **Taal en taalgebruik**: Onverstaanbaar. 2. **Toon, register en styl**: Woordeskat is nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie. 3. **Woordeskat**: Woordeskat is so beperk dat dit moeilik is om opstel te verstaan.
	Lae subkategorie	**12 – 13** 1. **Toon, register en styl**: Woordeskat is uitstekend en retories effektief. 2. **Taalgebruik**: Treffend en met selfvertroue. 3. **Toon**: Pakkend en retories effektief. 4. **Grammatika en spelling**: Feitlik foutvry. 5. **Samestelling**: Baie knap.	**8 – 9** 1. **Toon, register en styl**: Woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. **Taalgebruik**: Effektief. 3. **Toon**: Gepas en retories effektief. 4. **Grammatika en spelling**: Feitlik foutvry. 5. **Samestelling**: Knap.	**4 – 5** 1. **Toon, register en styl:** Woordeskat is gepas vir doel, gehoor en konteks. 2. **Taalgebruik**: Gepas. Soms inkonsekwent. 3. **Toon**: Gepas. Beperkte gebruik van retoriese middels. 4. **Grammatika en spelling**: Foute. 5. **Samestelling**: Redelik tot goed.	**0 – 1** 1. **Toon, register en styl**: Woordeskat is beperk en nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie. 2. **Taalgebruik**: Basies. Weinig of geen sinsverskeidenheid nie. 3. **Toon**: Ontoepaslik. 4. **Grammatika en spelling**: Foute. 5. **Samestelling**: Swak.	
STRUKTUUR • Kenmerke van teks. • Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie. **(5)**		**5** 1. **Ontwikkeling van onderwerp**: Uitstaande. Uitsonderlike besonderhede. 2. **Samestelling van sinne en paragrawe**: Uitstaande.	**4** 1. **Ontwikkeling van onderwerp**: Logiese ontwikkeling van besonderhede. Samehangend. 2. **Samestelling van sinne en paragrawe**: Logies en verskillend.	**3** 1. **Ontwikkeling van onderwerp**: Toepaslike idees ontwikkel. 2. **Samestelling van sinne en paragrawe**: Sinne en paragrawe ontwikkel. Opstel verstaanbaar.	**2** 1. **Ontwikkeling van onderwerp**: Sommige geldige idees. 2. **Samestelling van sinne en paragrawe**: Sinne en paragrawe het foute. Opstel maak tog sin t.s.v. baie foute .	**1** 1. **Ontwikkeling van onderwerp**: Nodige idees ontbreek. 2. **Samestelling van sinne en paragrawe**: Sinne en paragrawe wemel van foute. Opstel maak nie sin nie.

6.4 BYLAE D: ASSESSERINGSRUBRIEK: TRANSAKSIONELE TEKS: [25 PUNTE]

iteria	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT • Respons op teks. • Organisering van idees. • Organisering van idees. • Bewus van doel, gehoor en konteks van teks. **(15)**	**12 – 15** 1. **Respons**: Uitstaande en treffend. Bo verwagting. Intelligent en volwasse. Grondige kennis van kenmerke van teks. Skryfstuk behou fokus. 2. **Idees en inhoud**: Samehangend. Uitgebreid en behou fokus. 3. **Formaat**: Gepas en akkuraat.	**9 – 11** 1. **Respons**: Baie goeie respons. Toon 'n goeie kennis van kenmerke van teks. Behou fokus. 2. **Idees en inhoud**: Geen afwyking nie. Samehangend, uitgebreid en detail ondersteun onderwerp. 3. **Formaat**: Gepas. Geringe afwykings.	**6 – 8** 1. **Respons**: Voldoende. Toon kennis van kenmerke van teks. Toon tekens dat fokus behou word. Enkele afwykings. 2. **Idees en inhoud**: Inhoud en idees redelik samehangend. Sommige detail ondersteun die onderwerp. 3. **Formaat**: Oorwegend gepas, maar afwykings kom voor.	**4 – 5** 1. **Respons**: Basies. Toon geringe kennis van kenmerke van teks. Behou nie fokus nie en wyk af. 2. **Idees en inhoud**: Nie altyd samehangend nie. Baie min detail ondersteun die onderwerp. 3. **Formaat**: Onseker van formaat van teks. Enkele en kritiese nalatige foute.	**0 – 3** 1. **Respons**: Toon geen kennis van kenmerke van teks nie. Betekenis is onduidelik. 2. **Idees en inhoud**: Geen samehang in idees en inhoud nie. Geen detail ondersteun die onderwerp nie. 3. **Formaat**: Formaat van teks nie toegepas nie.
TAAL, STYL & REDIGERING • Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel / effek en konteks. • Woordkeuse, taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika en spelling. **(10)**	**8 – 10** 1. **Toon, register, styl, woordeskat**: Hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks. 2. **Grammatika**: Akkuraat. Struktuur baie goed. Feitlik foutloos.	**6 – 7** 1. **Toon, register, styl, woordeskat**: Baie geskik vir doel, gehoor en konteks. 2. **Grammatika**: Oor die algemeen korrek. Struktuur goed. Feitlik foutloos.	**4 – 5** 1. **Toon, register, styl, woordeskat**: Geskik vir doel, gehoor en konteks. 2. **Grammatika**: Enkele grammatikafoute. Foute belemmer nie betekenis nie.	**2 – 3** 1. **Toon, register, styl, woordeskat**: Pas nie altyd by doel, gehoor en konteks nie. 2. **Grammatika**: Grammatika onakkuraat met baie foute. Betekenis onduidelik	**0 – 1** 1. **Toon, register, styl, woordeskat**: Nie geskik vir doel, gehoor en konteks nie. 2. **Grammatika**: Besaai met foute. Betekenis onduidelik

7. TIPE VRAE EN KOGNITIEWE VLAKKE

Barrett se Taksonomie word op so 'n wyse gebruik, dat **AL** die kognitiewe vlakke betrek word soos in die voorgeskrewe verhouding hieronder aangedui:

Vlak 1 en 2: 40% van die totale punt

Vlak 3: 40% van die totale punt

Vlak 4 en 5: 20% van die totale punt

Barett se Taksonomie:

Vlak	Omskrywing	Tipe vrae
1	Letterlik (informasie/inligting in die teks)	Benoem die ...; Maak 'n lys van die ....; Identifiseer die ...; Beskryf die ...;
2	Herorganisering (analise, sintese of organisering van gegewens/informasie)	Som die hoofgedagtes op ...; Dui die ooreenkomste / verskille ...
3	Afleiding (betrokkenheid by inligting / informasie in terme van ervaring)	Verduidelik die hoofgedagte(s) ...; Wat is die outeur / skrywer se bedoeling ...; Wat dink jy sal gebeur as ....?
4	Evaluering (oordele m.b.t. die waarde of verdienstelikheid)	Dink jy dat ...; Bespreek ... krities. (letterkunde)
5	Waardering (assesseer die impak / effek van die teks)	Bespreek jou reaksie op ...; Lewer kommentaar oor die skrywe se taalgebruik; Beoordeel ... krities; Simpatiseer jy met die hoofkarakter?

8. ASSESSERING IN TALE

8.1 Kognitiewe vlakke

Na aanleiding van **Barett se Taksonomie** van leesbegrip kan daar vyf kognitiewe vlakke onderskei word. In stygende volgorde van moeilikheidsgraad, staan dit soos volg bekend: Letterlik, Herorganisering, Toepassing, Evaluering en Waardering.

8.2 Tipe vrae

8.2.1 Kontekstuele vrae (Taal– en Letterkunde vraestel):

In Vraestel 1 word kontekstuele vrae na aanleiding van ’n wye verskeidinheid tekste opgestel en in Vraestel 2 word uittreksels uit voorgeskrewe tekste vir dié doel gebruik. Die doel daarvan is om kandidate se taalkennis/ vaardighede te assesseer. Deur middel van die assessering word verder gepoog om die mate te bepaal waartoe die kandidaat insig en begrip in die voorgeskrewe inhoud van die SACAI-vakriglyn toon. Die gekompliseerdheid van die vrae hang af van die Taalvlak.

a) **Letterlik:**

Vrae wat te doen het met inligting wat eksplisiet in die teks voorkom.

- Noem (benoem die dinge/mense/plekke/elemente/eienskappe ...
- Noem (vermeld/gee) die feite/redes/punte/aspekte/idees ...
- Identifiseer die feite/redes/aspekte/idees/eienskappe/oorsake / persone ...
- Maak ’n lys van (noteer) die aspekte/eienskappe/feite/persone / karakters ...
- Beskryf die plek/persoon/karakter ...
- Vertel van die gebeurtenis/insident/episode/ondervinding ...

b) **Herorganisering:**

Vrae wat analise, sintese of organisering van inligting behels wat eksplisiet in die teks voorkom.

- Maak ’n opsomming van die hoofgedagtes (hoofpunte)/feite / voordele/nadele ...
- Groepeer die gemeenskaplike faktore/aspekte/elemente ...
- Vermeld (noem/gee) die ooreenkomste/verskille ...
- Gee ’n oorsig van ...

c) **Afleiding:**

Vrae wat vereis dat ’n kandidaat inligting wat eksplisiet in die teks staan, na aanleiding van sy of haar persoonlike ervaring interpreteer.

- Verduidelik die hoofgedagte ...
- Vergelyk die idees/houdings/aksies/optrede(s) ...
- Wat wil die skrywer/karakter bereik met (deur) ...
- Wat is die skrywer (of karakter/spreker/verteller) se bedoeling/ houding/motivering/rede ...
- Verduidelik die oorsaak (gevolg) van ...
- Wat verklap ’n optrede/opmerking/houding van die verteller/ skrywer/karakter ...
- Hoe beïnvloed die metafoor/vergelyking/beeld jou begrip van ...
- Wat dink jy sal gebeur indien ...
- Waar/Onwaar–vrae
- Meervoudige keusevrae
- Invul van oop spasies (n.a.v. kontekstuele leidrade)
- Vrae m.b.t. visuele/grafiese geletterdheid

d) **Evaluering:**

Vrae wat handel oor die beoordeling van waardes, houdings en oor-tuigings. Dit sluit in beoordeling van werklikheid, geloofwaardigheid, feite en menings, geldigheid, logika asook die gewenstheid en aanvaarbaarheid van besluite en optredes in terme van morele waardes.

- Dink jy dat ...
- Is die skrywer se argument geldig/logies ...
- Bespreek krities/lewer kritiese kommentaar op die optrede/ bedoeling/houding/implikasie ...
- Stem jy saam met die siening/standpunt/waarneming/vertolking
- Is die skrywer/verteller/spreker/karakter se siening (uitspraak) na jou mening, geregverdig as hy of sy voorstel dat ... (Motiveer jou antwoord/Gee redes vir jou antwoord.
- Is die karakter se houding/optrede na jou mening geregverdig of aanvaarbaar? Gee ’n rede vir jou antwoord.
- Wat sê ’n karakter se optrede/houding van hom in die konteks van universele waardes?
- Bespreek die waardeoordeel wat in die teks gemaak word.

e) **Waardering:**

Die doel van hierdie vrae is om die impak van die teks op die kandidaat te assesseer. Die vrae fokus op die kandidaat se emosionele respons op die inhoud, identifisering met karakters en reaksies op die skrywer se taalgebruik (woordkeuse en beelde).

- Bespreek jou reaksie op die teks/insident/situasie/konflik/ dilemma.
- Simpatiseer jy met die karakter? Wat sou jy doen indien jy in dieselfde situasie was?
- Bespreek/lewer kommentaar oor die skrywer se taalgebruik.
- Bespreek die doeltreffendhei van die skrywer se styl/inleiding/ gevolgtrekking/beelde/stylfigure/literêre kunsgrepe (middele/ tegnieke).

8.2.2 **Die letterkundige opstel**

- 'n Letterkundige opstel veronderstel 'n samehangende/aaneenlopende skryfstuk van 'n voorgeskrewe lengte oor 'n gegewe onderwerp, standpunt, sienswyse of tema.
- Die letterkundige opstel vereis dat die kandidaat 'n opmerking/stand-punt of sienswyse oor 'n voorgeskrewe teks, krities moet kan verwoord/ bespreek. Die letterkundige opstel kan betogend of beredenerend van aard wees en veronderstel 'n kandidaat se persoonlike respons op, asook sy/haar betrokkenheid by 'n voorgeskrewe teks.

9. SLOTSOM

Die doel van hierdie eksamenriglyndokument is om die aard en omvang van assessering soos dit deur sentrums volgens die KABV-dokument/SACAI-vakriglyne geïmplimenteer behoort te word, toe te lig. Dit is aanvullend daartoe en vervang nie die KABV-dokument/SACAI-vakrigyne nie.

Deeglike, kwalitatiewe onderrig aan die hand van die KABV-dokument/ SACAI-riglyne kan nie oorbeklemtoon word nie en is ononderhandelbaar.

Die eksamenriglyn word ook vir graad 10 – 11 gebruik by die opstel van vraestelle.

Afrikaans Huistaal Nasienrubriek: Gedigte (10 punte)

Inhoud	Uitstekend	Goed	Bo-gemiddeld	Gemiddeld	Ondergemiddeld	Swak	Beroerd
	7	6	5	4	3	2	0 – 1
Interpretasie van onderwerp. Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks.	Uitstekende begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite en motiverings is uitsonderlik.	Goeie begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite word goed deur motiverings ondersteun.	Redelike begrip van inhoud en strekking van gedig. Feite met redelike motiverings gegee.	Gemiddelde bewys van inhoud en strekking van gedig. Enkele feite word met motiverings ondersteun.	Onbevredigende bewys van inhoud en strekking van gedig. Feite word met enkele motiverings ondersteun.	Matige bewys van inhoud en strekking van gedig. Slegs enkele feite maar geen motiverings nie.	Geen bewys van inhoud en strekking van gedig nie. Feite en motiverings verwys nie na gedig nie.
Struktuur en Taal	Uitstekend/Bo-gemiddeld			Goed	Ondergemiddeld/Swak		
	3			2	0 – 1		
Logiese vloei en aanbieding. Toon- en stylgebruik in opstel.	Uitstekende en samehangende struktuur. Argumente is goed gestruktureer. Taalgebruik , toon en styl is uitstekend. Inleiding en slot vorm ’n afgeronde geheel met die inhoud.			Basiese struktuur en vloei/samehang in opstel. Enkele bewyse van struktuur en geringe taalfoute, toon en styl redelik teenwoordig. Redelike inleiding en slot.	Struktuur toon swak beplanning. Argumente word nie logies gestruktureer nie. Ernstige taalfoute, toon en styl glad nie gepas nie. Geen inleiding en slot nie.		

Afrikaans Huistaal Nasienrubriek: Roman en Drama (25 punte)

Inhoud	Uitstekend	Goed	Bo-gemiddeld	Gemiddeld	Ondergemiddeld	Swak	Beroerd
	14 – 15	12 – 13	11 – 10	8 – 9	6 – 7	4 – 5	0 – 3
Interpretasie van onderwerp. Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks.	Uitstekende begrip van inhoud en strekking van genre. Feite en motiverings uitsonderlik.	Diepgaande begrip van inhoud en strekking van genre. Feite en motiverings goed ondersteun.	Toon goeie begrip van inhoud en strekking van genre. Feite gegee, maar nie almal met motiverings nie.	Redelik begrip van inhoud en strekking van genre. Enkele feite word gemotiveer.	Basiese begrip van inhoud en strekking van genre. Weinig feite met motiverings word gegee.	Onbevredigende begrip van inhoud en strekking van genre. Slegs enkele feite word gegee sonder motiverings.	Geen begrip van inhoud en strekking van genre nie. 'n Vae aanpak van genre, geen feite met motiverings wat spesifieke genre staaf nie.
Struktuur en Taal	Uitstekend	Bo-gemiddeld/Goed		Gemiddeld	Ondergemiddeld		Swak
	9 – 10	7 – 8		5 – 6	3 – 4		0 – 2
Logiese vloei en aanbieding. Toon- en stylgebruik in opstel.	Samehangende struktuur. Uitstekende inleiding en slot gegee. Taalgebruik, toon en styl pas by genre.	Duidelike struktuur. Inleiding, slot en paragrawe samehangend. Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek.		Goeie bewyse van struktuur met inleiding maar geen slot/geen inleiding slegs slot. Enkele taalfoute, toon en styl gepas.	Basiese toon van struktuur. Gebrekkige inleiding en slot is gegee. Taalfoute is beduidend en paragrafering is foutief.		Geen toon van bewyse van struktuur nie. Geen logiese vloei van argumente nie, nie gepas by genre nie. Taalfoute, toon en stylfoute belemmer vloei van argumente.